# HOOFSTUK 6

# *DIE APPèL NA DIE BRITSE GEHEIME RAAD*

## 6.1 INLEIDING

In hierdie afdeling word nog 'n skakel in die Britse konneksie, naamlik die reg van Britse onderdane om te appelleer na die Britse Geheime Raad in Londen, wat in 1910 op die Wetboek geplaas is,[1] bespreek. Artikel 106 van die Zuid-Afrika Wet het gelui: "Zal geen appèl zijn van't Hooggerechtshof van Zuid-Afrika of van een afdeling daarvan naar de Koning-in-Rade, zullende echter niets hierin vervat strekken tot verkorting van 't recht van de Koning-in-Rade om uitdrukkelik verlof van appèl van de Afdeling van Appèl naar de Koning-in-Rade te verlenen. Het Parlement is bevoegd bij wettelik voorschrift de zaken te beperken ten aanzien waarvan zulk uitdrukkelik verlof kan worden verzoekt, zullen de echter wetsontwerpen, die zodanige beperken bevatten, door de Goeveneur gemaak ter inwinning van Zijn Majesteits behagen worden aangekonden; met dien verstande dat niets in dit artiekel enige recht van appèl naar Zijn Majesteit-in-Rade van enige door de Appèlafdeling van het Hooggerechtshof van Zuid-Afrika geleverde uitspraak krachtens of uit kracht van de Koloniale Admiraliteishoven Wet 1890, aantasten zal."[2]

Hiervolgens het Suid-Afrikaners, as Britse onderdane, vrye toegang tot appèl na die Britse Geheime Raad gehad. Die appèlreg na 'n Britse hof het in die loop van die dertigerjare spanning tussen Ryksgesindes en Nasionaliste oor Suid-Afrika se Britse konneksie laat oplaai. Terwyl eersgenoemde groep die reg ten sterkste wou beskerm, het laasgenoemde kapsie gemaak dat 'n Suid-Afrikaanse hof ondergeskik aan 'n Britse hof was. Aan die een kant was daar Ryksgesindes wat hierdie reg ten alle koste wou beskerm, terwyl daar aan die ander kant Nasionaliste was wat weer sterk daarteen gekant was dat 'n Suid-Afrikaanse hof deur hierdie wetgewing ondergeskik aan 'n Britse hof gestel was.[3]

---

1 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 7 ..., p.603.

2 Union of South Africa, *Statute Law of Transvaal*, vol. 3: 1907-1910, p.2767.

3 G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 7 ..., p.604.

## 6.2 MENINGSVERSKILLE OOR DIE APPèLREG

Na die aanname van die Statuut van Westminster in 1931 het dr. D.F. Malan, leier van die NP in Kaapland, en ander Nasionaliste daarna gestreef om Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status in die praktyk toegepas te kry. Hulle wou onder meer duidelikheid oor Suid-Afrika se reg verkry om die appèl na die Britse Geheime Raad af te skaf.[4]

Enkele leiers van die Koalisieregering, soos die Eerste Minister, generaal J.B.M. Hertzog[5] en advokaat O. Pirow[6], Minister van Justisie, het die appèlreg na die Britse Geheime Raad vanuit 'n ander hoek benader. Volgens die twee leiers was dit geensins 'n politieke kwessie nie.

***Die Burger*** het die aard van die reg op appèl na die Britse Geheime Raad egter anders vertolk. Volgens die koerant kon die saak nie uit die politieke arena gehou word nie, aangesien die Regering en die Parlement die toekoms daarvan in hul hande gehad het. ***Die Burger*** het Nasionaliste se gevoel weerspieël met die opvatting dat dit vir die hoogste hof in 'n soewereine land 'n vernedering was om sy uitsprake aan 'n buitelandse hof te onderwerp.[7]

In die onderhandelinge wat Hertzog en Malan rondom die kwessie van samesmelting gevoer het, het die reg op appèl na die Britse Geheime Raad sterk op die voorgrond getree. Malan het enersyds by Hertzog aangedring om hierdie reg af te skaf, en andersyds om afskaffing as 'n beginsel in die nuwe Smeltersparty se Program van Beginsels te plaas. Hertzog het geen probleem gehad met die afskaffing van die appèlreg nie.[8] Hierop het hy verklaar dat die Regering van voornemens was om die saak in oorweging te neem sodra 'n sekere regsgeding, in daardie stadium hangend voor die Geheime Raad, afgeloop het.[9]

---

4 ***Die Burger***, 16 Feb. 1934: berig.

5 J.H. le Roux (reds.), ***Generaal J.B.M. Hertzog: sy strewe en stryd***, vol. 1, p.571.

6 ***Die Burger***, 2 Nov. 1933: berig.

7 ***Die Burger***, 2 Nov. 1933: hoofartikel.

8 ***Die Burger***, 6 Feb. 1934: berig; vgl. J.H. le Roux (reds.), ***Generaal J.B.M. Hertzog*** ..., p.571.

9 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 6: Okt. 1932 - Sep. 1942, {brief van Hertzog aan F.C. Erasmus, 12 Feb. 1934}, p.79.

*Die Vaderland*, spreekbuis van die Regering, kon nie begryp hoekom Malan en die Hoofbestuur van die Kaaplandse NP so gesteld daarop was om die afskaffing van die reg op appèl na die Geheime Raad in die Beginselprogram van die nuwe party te plaas nie. Dit was vir hulle bowendien onnodig om die afskaffing te beklemtoon, omdat Hertzog reeds die uiteindelike afskaffing in die vooruitsig gestel het.[10] Hoewel Hertzog nie in detail gesê het wanneer die Regering in dié verband sou optree nie, het daar tog aan die kant van die NP verwagtinge daaromtrent opgevlam. So het N.J. van der Merwe, NP-LV vir Winburg, op 22 Februarie 1934 in Kaapstad verklaar dat hy bly was dat die ongerymdheid ten opsigte van appèlreg afgeskaf sou word.[11]

Benewens bovermelde verwagtinge was daar vanuit die opponerende politieke denkrigtings uiteenlopende menings oor die gebruikswaarde van die appèlregkwessie. ***Die Burger*** het byvoorbeeld gemeen dat Ryksgesindes aan die reg op appèl na die Britse Geheime Raad vaskleef omdat hulle dit as 'n Rykskakel beskou het en nie omdat dit enige nut gehad het nie.[12] Duncan het by hierdie siening aangesluit toe hy gesê het dat die reg op appèl nog bestaan, maar dat dit geen nut vir die gewone man gehad het nie.[13]

## 6.3 DIE PARLEMENTSITTING VAN 1935

Tydens die 1935-Parlementsitting het C.R. Swart, NP-LV vir Ladybrand, 'n mosie rakende die appèlreg in die Volksraad ingedien. In hierdie mosie het Swart gevra dat die wenslikheid oorweeg moet word om Artikel 106 van die Zuid-Afrika Wet van 1909, waardeur Suid-Afrikaners die reg op appèl na die Britse Geheime Raad verkry het, te wysig. Swart het daarop gewys dat Nasionaliste sterk gevoel het dat die reg op appèl na die Geheime Raad afgeskaf moes word.[14]

Swart se standpunt is uit NP-geledere gesteun. J.H.H. de Waal, NP-LV vir Piketberg, het Swart se mosie gesekondeer en 'n beroep op lede van die voormalige SAP en generaal J.C. Smuts, eertydse SAP-leier, gedoen om dit te ondersteun. De

10 ***Die Vaderland***, 22 Jun. 1934: hoofartikel.

11 ***Die Burger***, 23 Feb. 1934: berig.

12 ***Die Burger***, 22 Jan. 1934: hoofartikel.

13 ***Die Burger***, 4 Apr. 1934: berig.

14 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Feb. 1935, kol. 2157.

Waal het daarop gewys dat die Unie se regstelsel op die Romeins-Hollandse Reg gegrond was en dus heelwat van die Britse regstelsel verskil het. Aangesien Suid-Afrika en Brittanje staatsregtelik op gelyke voet verkeer het, was daar geen rede waarom die hoogste hof in die Unie in 'n onderdanige posisie teenoor dié van Brittanje moes staan nie.[15]

Malan was van mening dat die reg op appèl na die Geheime Raad lynreg in stryd met die Unie se soewereine onafhanklike status was. Volgens hom het dit Suid-Afrika in 'n minderwaardige posisie teenoor Brittanje geplaas.[16]

F.C. Erasmus, NP-LV vir Moorreesburg, het hierby aangesluit met sy mening dat die bestaande reg op appèl na die Geheime Raad 'n vernedering vir Suid-Afrika was. Hy het daarop gewys dat Smuts en ander VP-lede dit met die NP eens was dat Suid-Afrika die reg gehad het om die reg op appèl af te skaf, dog eersgenoemde het steeds gemeen dat die tyd daarvoor nog nie geleë was nie.[17]

Smuts het sy standpunt herhaal dat die Regering aandag aan die saak sou gee. Volgens hom was die tyd nog nie geleë om die reg op appèl na die Geheime Raad af te skaf nie. Dit was vir hom, as verantwoordelike Minister, tot dusver nog nie moontlik om sy volle aandag aan die saak te gee nie. Smuts het verder genoem dat daar baie min sake na die Appèlhof verwys is. Daar was dus geen dringendheid vir die Regering om die hele aangeleentheid te bespoedig nie.[18]

Smuts en ander lede van die VP wat hierdie kwessie bespreek het, was duidelik besig met 'n vertragingstaktiek. Hoewel hy die vertraging probeer regverdig het, noem hy tog nie die ware oorsaak daarvan by die naam nie, naamlik die VP se onwilligheid om aan Suid-Afrika se Britse konneksie te torring.

C.F. Stallard, Dominiumparty-LV vir Roodepoort, het baie waarde aan die reg op appèl na die Geheime Raad geheg. Afskaffing daarvan sou, volgens hom, meebring

---

15 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Feb. 1935, kol. 2162,2163.

16 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Feb. 1935, kol. 2168,2170.

17 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Feb. 1935, kol. 2170.

18 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Feb. 1935, kol. 2164-2167.

dat een van die mees fundamentele en gewaardeerde regte van enige Britse onderdaan gedurende die afgelope duisend jaar of meer tot niet sou gaan.[19]

Swart se mosie dat die reg op appèl na die Geheime Raad afgeskaf moes word, het ook heelwat reaksie van die dagblaaie uitgelok. Terwyl die Engelstalige dagblaaie die behoud van die reg bepleit het, het die Afrikaanstalige dagblaaie die afskaffing daarvan voorgestaan.

***The Natal Mercury*** het sy afkeur van die afskaffing sterk uitgespreek. Die Redakteur het verklaar dat as die Regering dit wel beplan het, sodanige planne daarvoor openbaar gemaak moes word.[20]

***The Cape Argus*** was van mening dat die beskerming van die regte van swart mense en Kleurlinge nog in 'n mate in 'n appèl na 'n buitelandse hof verskans was. Die feit dat daar vir jare geen vertoë vir die afskaffing van appèlreg gerig is nie, het vir die Redakteur genoegsame bewys gelewer dat "the most ardent nationalist could spy any danger".[21]

Die ***Rand Daily Mail*** het ewe-eens sy misnoeë teenoor hierdie saak só uitgespreek: "The abolition of appeal to the Privy Council might be a grave disservice not only to the people of South Africa but to the judicial body itself."[22]

***The Star*** het die motief agter Swart se mosie só beskryf: "... to sever another of the links of the partnership in question, regardless of the harm which this separatist policy will do ...".[23]

Beide ***Die Volksblad*** en ***Die Burger*** was van mening dat die reg op appèl afgeskaf moes word. Vir ***Die Burger*** was dit totaal onverstaanbaar dat 'n land met 'n soewereine onafhanklike status steeds voortgaan om 'n buitelandse hof as sy hoogste regterlike gesag te erken. Volgens die blad was die sterkste oorweging van die Regering om die appèlreg te behou, die koestering van die sentiment van die

---

19 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Feb. 1935, kol. 2176.

20 ***The Natal Mercury***, 14 Feb. 1935: editorial.

21 ***The Cape Argus***, 26 Feb. 1935: editorial.

22 ***Rand Daily Mail***, 27 Feb. 1935: editorial.

23 ***The Star***, 27 Feb. 1935: editorial.

Engelse deel van die bevolking.[24] ***Die Burger*** was oortuig dat die Regering Engelssprekendes se sentiment voor dié van die Afrikaner-nasionaliste gestel het. Vir die Regering was die appèlreg na die Geheime Raad 'n te waardevolle Rykskakel om af te staan.[25]

Vir ***Die Volksblad*** was dit veelseggend dat Hertzog tydens die bespreking van die Swart-mosie nie alleen geswyg het nie, maar selfs die raadsaal vir die duur van die debat verlaat het. Die blad het op die noodsaaklikheid gewys dat 'n Wetsontwerp om die reg op appèl af te skaf, reeds deurgevoer moes gewees het.[26]

Hierdie houding van Hertzog het ook met sy swygsaamheid tydens die bespreking van die Statuswette in die Parlement gestrook. Dit blyk uit die optrede van Hertzog dat die eenheid van die VP ten alle koste bewaar moes word. ***Die Burger*** het sy vinger op die probleem gelê. Dit was vir die blad duidelik dat druk van die kant van Ryksgesindes so groot was dat Hertzog eenvoudig nie kon bekostig om sy belofte gestand te doen nie. Daar moes nie uit die oog verloor word dat Hertzog lank reeds nie meer konstitusionele sake vir die Regering van belang geag het nie. Daarom het hy en Smuts ooreengekom om hul kragte ondanks konstitusionele verskille saam te snoer.

## 6.4 DIE PARLEMENTSITTING VAN 1937

Die Regering se modus operandi met betrekking tot die appèlreg was om te beklemtoon dat dit 'n suiwer regsaak was en dat dit bowendien nie dringend was nie. Dit was 'n duidelike poging om die saak uit die politieke arena te verwyder. Nasionaliste, en by name C.R. Swart, was egter vasberade om die Regering se aandag daarop gevestig te hou. Daarvan was die 1937-Parlementsitting die beste getuienis.

Tydens hierdie sitting het Swart weer 'n mosie ingedien om die reg op appèl afgeskaf te kry. Hy het voorgestel dat die Wetsontwerp oor appèlle na die Geheime Raad 'n tweede maal gelees moes word. Swart het daarop gewys dat Smuts se besware teen die afskaffing intussen verval het en die groot meerderheid van die bevolking ten gunste van afskaffing was. Hy het ook gesê dat Smuts en Hertzog

---

24 ***Die Burger***, 13 Mrt. 1935: hoofartikel.

25 ***Die Volksblad***, 10 Feb. 1935: hoofartikel.

26 ***Die Burger***, 10 Feb. 1935: hoofartikel.

beide erken het dat die saak ernstige aandag geverg het en dus afgeskaf moes word. Swart wou geweet het of die reg op appèl na die Britse Geheime Raad in belang van Suid-Afrika was.[27]

Koestering van Suid-Afrika se Britse konneksie was tiperend van die reaksie van die Dominiumparty. Stallard, leier van die Dominiumparty, was van mening dat die meerderheid van die bevolking steeds 'n verbintenis met die Britse Ryk verlang het. Hy het gevolglik voorgestel dat die kwessie vir ses maande met rus gelaat moes word.[28] Nog 'n lid van die Dominiumparty, C.W.A. Coulter, het die appèlreg na die Britse Geheime Raad as 'n betekenisvolle en uitstaande simbool van die essensiële eenheid van die Britse Ryk beskou. Volgens hom het mense van die Unie die reg op appèl as waardevol, onmisbaar en bykans heilig beskou.[29]

Smuts se opvatting was tipies van die VP se standpunt oor die appèlregkwessie. Hy het verklaar dat die vraagstuk niks met Suid-Afrika se konstitusionele status te doen gehad het nie, en was van mening dat Artikel 106 van die Uniegrondwet glad nie die Unie se reg om die appèl na die Geheime Raad af te skaf, ingekort het nie. Die Regering was nie van plan om deel te neem aan 'n steriele konstitusionele rusie oor die Geheime Raad nie.[30]

Die reaksie wat 'n ander VP-lid getoon het, het die simboliese krag waarmee Engelssprekendes die Britse konneksie bejeën het, na vore laat tree. Vir R.W. Bowen, VP-LV vir Kaapstad-Sentraal, was dit ewe-eens belangrik dat Suid-Afrika met Brittanje geassosieer sou wees. Volgens hom was dit nie wetlike bande nie, maar wel bande van bloed en ras wat die Unie aan Brittanje gebind het.[31]

Na 'n relatiewe kort debat is Swart se mosie verwerp en Stallard se amendement aangeneem.[32] Dit moes vir die Regering tegelyk bevrediging en verligting verskaf het, aangesien dit die druk wat Nasionaliste toegepas het, tydelik verlig het.

---

27 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Jan. 1937, kol. 218.

28 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Jan. 1937, kol. 230.

29 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Jan. 1937, kol. 244-248.

30 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Jan. 1937, kol. 254.

31 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Jan. 1937, kol. 249.

32 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Jan. 1937, kol. 228.

G.D. Scholtz wys heel tereg daarop dat argumente van Regeringskant dat die reg op appèl na die Geheime Raad nie afgeskaf moes word nie, nie waterdig was nie. Twee ministers, Smuts en kolonel Deneys Reitz, Minister van Landbou en Bosbou, was onder andere daarteen gekant omdat hulle, en ook ander, geglo het dat die NP van die vraagstuk 'n politieke kwessie wou maak.[33]

Terwyl die Afrikaanstalige pers heelwat kommentaar gelewer het op Swart se mosie, het die Engelstalige pers grotendeels daaroor geswyg. Die teenkanting teen die mosie het vir ***Die Burger*** daarop gedui dat Unioniste hul invloed in die SAP laat geld het. Ter wille van die behoud van die Britse konneksie het Unioniste hul sin gekry, anders sou hulle volgens die blad na die Dominiumparty oorgeloop het.[34]

***Die Volksblad*** was dit met ***Die Burger*** roerend eens dat 'n minderheid Unioniste 'n groot invloed in die besluit teen Swart se mosie gehad het. Eersgenoemde het daarop gewys dat die enigste argument teen die Wetsontwerp was dat 'n Ryksgesinde minderheid nog daarteen is en dat die nasionale gevoel daarvoor moet wyk.

Die verwerping van Swart se mosie het meegebring dat Unioniste se standpunt geseëvier het en 'n imperiale skakel van die Britse konneksie, soos die Geheime Raad, nog vir 'n onbepaalde tyd kon bly voortbestaan. Oud-Nasionaliste wat nie aan die debat deelgeneem het nie en tog daarteen gestem het,[35] het ***Die Volksblad*** tot dié gevolgtrekking laat kom: "Só het die Imperialisme weer geseëvier met Afrikanerhulp ...".[36]

Steun van oud-Nasionaliste in die VP-regering vir Smuts het die Smuts-faksie ten koste van die Hertzog-faksie in die Parlement versterk.

Hierdie verskynsel van Smuts-aanhangers wat toegeneem het terwyl Hertzog-ondersteuners in getal gekwyn het, kan aan twee faktore toegeskryf word. Eerstens het die plattelanders in die Vrystaat en die Kaap toenemend hul steun aan Malan toegesê. Gevolglik het Hertzog sewe setels tussen 1933 en 1939 aan Malan afgestaan. Tweedens het Smuts tydens die nominasiefase van die 1938-verkiesing

---

33 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.607.

34 ***Die Burger***, 18 Jan. 1937: hoofartikel.

35 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Jan. 1937, kol. 257.

36 ***Die Volksblad***, 18 Jan. 1937: hoofartikel.

daarin geslaag om agt oud-Nasionaliste van die 1933-koalisieverkiesing met sy ses ondersteuners te vervang.[37]

***Die Vaderland***, spreekbuis van die VP, het gereken die reg op appèl na die Britse Geheime Raad het niks met Suid-Afrika se status te doen nie.[38] ***The Cape Argus*** het die appèlreg as 'n simbool vir die eenheid van die Britse Ryk beskou. Die blad het gesê dat die Unie sedert 1910 wel oor die reg tot afskaffing beskik het. Die feit dat Suid-Afrika dit nie gedoen het nie, het die land van vernedering gered.[39]

Terwyl die Nasionaalgesinde pers baie klem geplaas het op die verband tussen die appèlreg en Suid-Afrika se Britse konneksie, het die persblaaie wat die Regering ondersteun het, nie daaraan aandag gegee nie.

## 6.5 SAMEVATTING

Vir die Regering was dit dus belangrik om die vraagstuk uit die politieke arena te hou, aangesien 'n politieke kleur daaraan slegs tot toenemende kritiek van sy teëstanders kon bydra.

Dit was 'n taktiese fout van die Regering om te onderneem om die reg op appèl af te skaf. Dit sou 'n stok in die hand van die NP word waarmee die Regering hoe langer hoe meer geslaan kon word.

Vir die Dominiumparty was die reg op appèl na die Geheime Raad een van die min fisiese dinge wat nog 'n betekenisvolle rol gespeel het om die Unie van Suid-Afrika aan die Britse Gemenebes van Nasies te koppel. Dit was vir hulle van groot belang dat hierdie band nie afgesny moes word nie. 'n Dryfveer agter die optrede van die Dominiumparty was beslis die begeerte om die emosionele band wat Engelssprekendes met die Britse moederland, Brittanje, oor die jare opgebou het, steeds in stand te hou.

Die NP se aandrang tot afskaffing van die reg op appèl het veral uit 'n hartgrondige oortuiging gespruit dat hierdie reg nie met hul opvatting oor Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status strook nie. Die beswaar daarteen was dus nie bloot

---

37 F.D. Tothill, "Why General Smuts won on 4 September 1939", ***Kleio***, vol. 19, 1987, pp.5-7.

38 ***Die Vaderland***, 19 Jan. 1937: hoofartikel.

39 ***The Cape Argus***, 18 Jan. 1937: editorial.

uit politieke opportunisme nie, maar het telkens vanuit 'n oortuigde politieke visie gespruit. Daarom is die reg op appèl na die Geheime Raad in 1950 afgeskaf nadat die NP onder Malan aan bewind gekom het.

Anders as wat die geval by die burgerskapkwessie was, het Engelssprekendes 'n relatief lae profiel gehandhaaf. Dit was duidelik dat hulle die saak nie so aan die lyf gevoel het nie en emosies gevolglik nie so hoog geloop het nie. Die Regering het daarin geslaag om te verhoed dat Nasionaliste 'n beslissing oor die appèlregkwessie kon afdwing. Die gevolg daarvan was dat Suid-Afrika se Britse konneksie op hierdie gebied behoue gebly het. Ryksgesindes het dus nie slegs die stryd om die Britse konneksie aangaande Britse burgerskap gewen nie, maar ook die reg op appèl na die Britse Geheime Raad bevestig.

'n Verdere strydpunt, naamlik die Goewerneur-generaalskap, het in hierdie opsig ook 'n belangrike strydvraag geword. Dié kwessie word in die volgende hoofstuk aan die orde gestel.

---oOOo---